

9 Mei

Efesiërs 6:1-10 (6:18)

### ***Doen dit alles biddend***

Jy kan man alleen teen Satan en sy magte veg. Of jy kan hom saam met al jou makkers, met elke denkbare hulpmiddel hier op aarde, aandurf. Jy sal elke keer die onderspit delf. Hiervoor is daar 'n baie eenvoudige rede: Satan en sy magte is baie sterker as jy en al die mense wat jy teen hom kan monster. Daarom het die Here benewens die volmaakte wapenrusting nog 'n kragtige middel tot jou beskikking gestel: Die gebed. Deur die gebed tree ons in verbinding met die almagtige Koning van die hemel en aarde. Jesus Christus het reeds met sy opstanding uit die dood en sy hemelvaart Klinkklare oorwinnings oor Satan en sy magte behaal. Daardie Oorwinnaar is tot jou beskikking. Enige tyd, dag en nag, in enige omstandigheid, waar jy ook al mag wees: Hy is deur die gebed bereikbaar. En ons weet dat God elke gebed wat volgens sy wil gebid word, verhoor (1 Joh. 5:14).

Ons gebede, hoe goed ons dit ook al bedoel, is egter vol gebreke. Ons kan nie altyd in ons kortsigtigheid die wil van God onderskei nie. Maar weereens kom God ons tegemoet. As jy op jou knieë gaan, dan tree die Heilige Gees vir jou met onuitspreeklike sugtinge in (Rom. 8:26). Dit bly die wonderlike voorreg van elkeen wat deur die Gees bid. Dit beteken eenvoudig dat ons in die allernouste verbondenheid met die Gees wat in ons woon moet bid.

Wat meer is: Ons weet Jesus Christus is ons voorspraak in die hemel. Ook daar pleit ons ewige Verlosser vir ons (1 Joh. 2:1). Die gevolg is dat die gebed wat in opregtheid gebid word, 'n kragtige instrument in die stryd teen Satan word. Daarom kan jy verstaan waarom Paulus dit so beklemtoon: Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges (Ef. 6:18). Doen jy dit elke dag?

Ds. A.P.C Duvenage (Emeritus)